Januarie 2022

Beste Voortrekker en Lunsklipvriende

LUNSKLIPKAMP: 19 – 27 Maart 2022 Senior Verkenners
22 – 27 Maart 2022 Junior Verkenners
19 – 21 Maart 2022 60 jaar Feesnaweek

Lunsklip, die oudste veldwerkkamp in Die Voortrekkers, word vanjaar vir die **sestigste jaar** op die Percy Fyfe Natuurreservaat, een van die mooiste natuurreservate in die land, naby Potgietersrus aangebied. Jou lewenslange verbintenis met Lunsklip begin of word voortgesit met die ervaring wat jou lewe kan verander.
Ons nooi jou om vanjaar deel te wees van ‘n baie groot jaar in die kamp se geskiedenis.

Selfbehoud Spesiale Onderskeidingsteken (graad 11)(of 12 indien dit nie in graad 11 gedoen is nie)
Hierdie kursus is die rede waarom Lunsklip in 1962 begin is. Dis ‘n hoogtepunt in die senior Verkenner se loopbaan. Die selfbehoudkursus is ‘n ongeëwenaarde ervaring vir elke Verkenner.

Buitegroep (graad 12)
Buitegroep is uniek aan Lunsklip en slegs beskore vir Verkenners wat die toets van Keurkamp deurstaan het.

Kampbeveiliging en Selfverwesenliking (gr 10)
Die kursus herinner iewat aan die Noodweergroep van vroeër jare. Dis ‘n aksiebelaaide kursus en daar is ruim geleentheid vir Verkenners om hulle leierskapvaardghede op ‘n praktiese wyse te ontwikkel.

Natuurbewaring en Vuurwapens (gr 9)
Lunsklip het die ideale omgewing om Natuurbewaring in aan te bied. Boonop deur ‘n spesialis natuurbewaarder. Vuurwapens word in ‘n baie veilige en proffesionele omgewing aangebied.

Voetslaner en Sterrekunde (graad 9 -10)
Drie dae se sorgvrye stap en sterrekyk in ‘n afgesonderde, ongeskonde natuurreservaat is die meeste Voortrekkers se droom. Daardie droom word in hierdie kursusse bewaarheid.

Veldvernuf en Tradisionele Spele (gr 8)
Die ideale kursus om ‘n Verkennerloopbaan mee te begin. Avontuur en kultuur in die natuur wat enige jong Verkenner gate uit sal geniet.

Veldwerkspesialisering (Veldwerksterretjie)
Die veldwerkspesialiseringskursus is ‘n unieke kursus wat volwasse Voortrekkers toerus met die kennis en vaardighede om ‘n kursusaanbieder en groepoffisier vir jeuglede te word.

Kursusaanbieders (volwasse lede)
Volwasse lede wat betrokke wil wees as kursusaanbieders of groepoffisiere, en nog nie iewers betrokke is nie, moet asseblief so gou moontlik vir Janie van Heerden kontak vir indeling by ‘n kursus. Daar word nog by elke Verkennerkursus hulp benodig.

Kombuisgroep
Die Lunsklipkombuis is ‘n gesellige bymekaarkomplek in die midel van die kampterrein, waar die lekker kuier die harde werk ver oorskadu. Volwassenes is welkom om in te skryf vir die groep. Al is dit net vir ‘n naweek of ‘n paar dae. Elke paar hande help.

Buitegroep	Gr 12	19 – 27 Maart 2022	R925	
Selfbehoud	Gr 11	19 – 27 Maart 2022	R925	
Kampbeveiliging en Selfverwesenliking	Gr 10	19 – 27 Maart 2022	R1000	30 plekke
Natuurbewaring en Vuurwapens	Gr 9	22 – 27 Maart 2022	R950	30 plekke
Voetslaner en Sterrekunde	Gr 9	22 – 27 Maart 2022	R800	30 plekke
Veldvernuf en Tradisionele Spele	Gr 8	22 – 27 Maart 2022	R750	30 plekke
Veldwerkspesialisering (Sterretjie) vir volwassenes		19 – 27 Maart 2022	R950	
Kursusaanbieders en ander volwassenes		19 – 27 Maart 2022	R750	
		22 – 27 Maart 2022	R650	

Kostes sluit 'n **kamphemp met vanjaar se unieke embleem op,** in.

Busvervoer is beskikbaar teen R300 per persoon vanaf die **Voortrekkermonument**, Pretoria.

Tente word vir Verkenners verskaf, maar volwassenes sorg vir hulle eie huisvesting. Geen Verkenners bring hulle eie tente nie.

Skryf voor **1 Maart 2022** in by https://inskrywings.voortrekkers.co.za/skryfin/Lunsklip2022 .

'n Inligtingsbrief met verdere besonderhede sal na die sluitingsdatum aan elke persoon ge-e-po s word.

Rig alle navrae aan die Adjunk-Kampleier: Administrasie, Janie van Heerden by lunsklipkamp@gmail.com of 082 582 6354. **Ook navrae mbt die beskikbaarheid van borge vir Verkenners en volwassenes met finansiële uitdagings.**

Besoek gerus ons webwerf by www.lunsklip.org.za of sluit aan by ons Facebook-groep Lunsklip.

60 Jaar Feesnaweek:
Skryf voor **1 Maart 2022** in by **inskrywings.voortrekkers.co.za/skryfin/LunsklipFeeskamp2022**

Malan le Roux
Kampleier
Sel: 071 609 5167

Wees Meer. Wees daar. Daar is net een.